BabaGim en Gemeenskaps diens

‘n Baba wat opgeneem is by die kinderhuis het almal bekommerd gehad. Sy was soos ‘n pap baba, met baie lae spiertonus, al het die hoeveelheid tande in haar mondjie aangedui dat sy maklik reeds twee jaar oud kon wees. Hierdie baba het net ‘n paar kreungeluidjies gemaak en op haar tandjies gekners. Haar ogies het ook gladnie gefokus nie. ‘n Dokter wat haar ondersoek het, het selfs beweer dat sy moontlik blind kan wees.

www.baby

By die kinderhuis het sy dadelik geweldig baie aandag gekry. Sy is permanent aan gevat en “bear hugs” gegee. Ons het met BabaGim op haar begin en met elke denkbare geleentheid is sy gestimuleer en gemasseer.

Na drie maande het die spiere begin ontwikkel, sy le op haar magie en beur die koppie regop vir lang tye, sy help baie hard om haarself op te trek, wat daarop dui dat die kernspier baie goed ontwikkel. Die wonderlikste van alles is dat sy die lui 8 met haar ogies kan maak. Sy volg alle vingerbewegings akkuraat. Moet NOOIT moed opgee, omdat ‘n baba dalk breinskade het nie. Daar is altyd hoop. (Hierdie baba mag ongelukkig nie geidentifiseer word nie)

Briefie deur Ilze Oliphant – ‘n versorger by Maria Klopper Kinderhuis

www.babagym

BabaGim is baie opvoedkundig en stimulerend vir babas om hul ontspanne te laat voel. Dit help ook met hul ontwikkeling en groeiproses. Dit leer ons as versorgers hoe om meer effektief met hulle te werk en om hulle te hanteer.

Sedert ons met BabaGim begin het is daar ‘n groot verandering in ons babas. Hulle is meer rustiger, ontspanne en vriendelik. Van hulle is ook gefokus op sekere items. Hul refleksies is baie vinniger as ander kinders. Jy as versorger sien ook in verskeie opsigte dat die kinders se negatiewe buie verander in goeie buie.

Lizette Labuschagne is ‘n mamma van twee kinders. Nicola is 18 jaar oud en Braam 15 jaar oud. Sy is passievol oor haar kinders en gekombineerd met ‘n natuurlike nuuskierigheid in haar persoonlikheid, het sy in 2005 die BabaGim kursus gedoen. Sy is ook later gekwalifiseerd as ‘n Gevorderde BabaGim Instrukteur.

Lizette se doel met BabaGim is om ‘n verskil te maak en dit is presies wat sy doen. In Januarie 2007 het sy met die bestuur van Marie Klopper kinderhuis gereël om BabaGim met die babas daar te doen as ‘n gemeenskap’s projek om kinders te bereik wat dit nodig het en so ‘n blywende verskil te maak.

Weens die omstandighede in die kinderhuis met personeel, vrywilligers en babas wat gedurig wissel, het dit tot groot frustrasie gelei om konsekwent te wees. Haar liefde en omgee vir mense het haar gedryf om “Friends of BabyGym” te begin. Elke Dinsdagoggend ongeag of die personeel dag of nagdiens werk, is hulle touwys gemaak deur te wys hoe om met die babas te werk. Hulle is opgelei om sonder die teenwoordigheid van ‘n BabaGim Instrukteur te werk.

Lizette besoek steeds die kinderhuis op Dinsdae en spandeer soms 2ure daar. Hulle werk met tussen 8 en 12 babas. Sy maak nie net ‘n verskil in die babas se lewens nie, maar sy het ander se lewens aangeraak en hul bemagtig om ook ‘n verskil te maak.

Dit is ‘n voorreg om Lizette as deel van die span te hê en as Gevorderde BabaGim Instrukteur omdat sy die ware beeld van BabaGim uitstraal - om babas te bereik ongeag van ras, kleur, kultuur of status.

Dankie Lizette, jy is ‘n voorbeeld vir ander!

www.babygym.co.za